**Saterdag 5 Maart**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10**
**Fokusgedeelte: Efesiërs 2:1, 4, 5, 6**

## Ons troos is dat ons verlossing uit ons ellende net genade is

Genade is God se liefde wat uitgestort word op mense wat dit glad nie verdien nie. Sonder God se genade is elke mens dood as gevolg van sy oortredinge en sondes.

Die liggaamlike dood is al verskriklik. Die geestelike dood is baie erger. Jy leef dan sonder God en sonder hoop. Van ’n dooie kan jy niks verwag nie. Hy kan niks doen om tot die lewe terug te keer nie. Hy is ’n slaaf van Satan, in die greep van die mag van die duisternis.

Teen hierdie donker agtergrond moet jy verwonderd wees oor God se genade aan jou. Danksy God se liefdevolle bemoeienis het jy die grootste en heerlikste oorgang wat denkbaar is, beleef: dit is die oorgang van volkome geestelike dood tot die volkome hemelse lewe! Deur die geloof in Christus kan jy elke dag nuut lewe met die krag waarmee Christus uit die dood opgestaan het.

Paulus raak opgewonde hieroor – hy roep vol verwondering uit: “Uit genade is julle gered!” Genade wil sê: jy het alles aan God te danke. Jy kon self nie die kleinste bydrae lewer nie. ’n Dooie kan mos niks bydra nie? Die hele oorweldigende pakket van jou verlossing is ’n geskenk van God. Hierdie genade bring ook sekerheid, want niks hang van jou af nie. Alles is God se werk, en Hy werk nooit half nie.

Wie dit glo, sal nie halfhartig leef nie, maar sal elke dag in dankbaarheid en tot eer van God voluit leef. Dit is die enigste manier hoe jy ’n blye en dankbare gelowige kan wees.

*Sing: Psalm 116:7, 10 (1936)*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)*